
# KLEURGLASPANELE VAN DIE ORANJE HOTEL

D.A. v.d. Bank

Koerantberigte oor die sloping van die Oranje Hotel in St. Andrewstraat, Bloemfontein en die aankoop van die glaspanele in die hotel deur die Nasionale Museum, het seker die belangstelling van menige Bloemfonteiners geprikkel.


Die oorspronklike gebou was die woonhuis van George Home en het as Home Cottage bekend gestaan. In die sestigerjare van die vorige eeu is dit gekoop deur Arthur William Beck, 'n swaer en vennoot van G.A. Fichardt. Die naam Home Cottage is mettertyd verander na Home Villa, waarskynlik nadat Beck dit vergroot het. Die datum 1892 wat op twee van die ruite voorkom, skep die indruk dat die huis moontlik in hierdie tyd vergroot is en dat die kleurglaspanele toe ingesit is. Volgens 'n kennisgewing in *The Friend* van 1902 het Home Villa bestaan uit "a magnificent entrance hall, sixteen rooms, kitchen, pantry, scullery, larder and cellars"

A.W. Beck het die stad in 1900, tydens die Tweede Vryheidsoorlog, verlaat en Home Villa is na sy vertrek as losieshuis gebruik. Nadat dit verander en nuut gemeubileer is, is die naam in Januarie 1904 verander na Queen's Hotel met Barnett Levy as die nuwe eienaar. Die hotel het hierna kort-kort van eienaar verwissel. Onder andere was Lionel Nathan en Arthur Barker, Tom Connor en Percy Fischer, eienaars daarvan. In 1945 is die hotel gemoderniseer en die naam verander na Oranje Hotel.



*Die ingangsportaal van die Queen's Hotel (ongeveer 1920) met die kenmerkende gemakstoele, palmstaanders en jagtrofee van dié tydperk*

Die panele wat die ingangsportaal van die eetkamer geskei het, het besonder goed bewaar gebly en slegs enkele van die ruite en loodraampies ontbreek of is beskadig. Kleur- en brandskilderglas uit hierdie tydperk wat nog behoue gebly het, kom in enkele openbare geboue voor, soos bv. die Vierde Raadsaal, die Spoorwegburo en die Ou Presidensie. Wat die panele van die Oranje Hotel betref, is dit seker een van die min gevalle waar dit op so 'n groot skaal in 'n privaatwoning geïnstalleer is. Dit is van die min oorblywende voorbeelde van laat-Republikeinse woninginterieurs.



*Gebrandskilderde glaspanele (detail)*



*Die Queen's Hotel in 1911, met die Southern Life-gebou in Maitlandstraat sigbaar agter die hotel.*

Foto: The Friend

Afgesien van die datum, 1892, en die letters "E.H." wat op twee van die ruite gegrafeer is, kon daar geen verdere besonderhede omtrent die oorsprong opgespoor word nie. Interessantheidshalwe kan iets meer oor die proses van brandskildering ("enamelling") gesê word. 'n Motief is op helder of kleurglasruite geverf met 'n mengsel van gepoeierde kleurglas, 'n smeltmiddel (bv. boraks) en olie. Daarna is die glasplaat of ruit in 'n moffeloond ("muffle kiln") gebrand sodat die kleure in die glas insmelt.

Met die aankoop van hierdie unieke kleur- en brandskilderglas is die bewaring daarvan vir die nageslag verseker. Die Museum beplan om hierdie panele in die toekoms uit te stal — moontlik as deel van die gewilde straattoneel.
*Sien agterblad.*

**BIBLIOGRAFIE**

SCHOEMAN, K. *Bloemfontein die ontstaan van 'n stad, 1846-1946.* Kaapstad, 1980.
SCHOEMAN, K., *Vrystaatse erfenis bouwerk en geboue in die 19de eeu.* Kaapstad, 1982.
*The Bloemfontein Post*, 1904.
*The Friend* 1902, 1903, 1911.
*The Orange River colony: an illustrated, historical, descriptive, & commercial review.* Cape Town, 1905.
WILLS, G. *The "Country Life" pocket book of glass.*